



6 Mei 2020

Geagte Ouers, Leerders en Personeel

As Beheerliggaam wil ons in hierdie onseker tye graag die volgende met u deel:

Ons het op hierdie stadium nog geen amptelik-aangekondigde datums van wanneer die skole weer heropen en enige leerders mag terugkeer na die skool nie. Trouens, daar is elke dag nuwe hofaansoeke met net een doel voor oë en dit is om skole te probeer verhinder om te open. Ons ervaar dus tans presies dieselfde frustrasie as u.

Wat egter kommer wek, is die feit dat daar baie negatiewe gerugte en spekulasie op sosiale media versprei word en daar word selfs oproepe vir deelname aan petisies gedoen. As Beheerliggaam van Hoërskool Swartland wil ons egter 'n ernstige beroep op u doen om u te weerhou van deelname aan bogenoemde aktiwiteite. Ons is van mening dat dit in hierdie onseker tyd juis belangrik is om met verantwoordelikheid op te tree en as ouerkorps alles in ons vermoë te doen om die akademiese jaar vir ons kinders te red.

Ons harte bloei vir ons kinders, in besonder die matrieks, wat op hierdie stadium van baie ontnoem word. Ons doen egter 'n ernstige beroep op u om in hierdie tyd deur u voorbeeld te lei en ons kinders positief te motiveer en ondersteun. Ons moet hierdie onseker omstandighede trompop loop en na die beste van ons vermoë hanteer. As trotse Rockies, met die Rockie waardes as riglyn, kan ons die uitdagings van die huidige situasie die hoof bied en oorkom.

Al sekerheid wat ons op hierdie stadium het, is die aanbeveling deur die Minister van Basiese Onderwys, Angie Motshekga, aan die parlement wat soos volg lui:

- Dat die skoolbestuurspanne van skole op 11 Mei 2020 terugkeer na skole om voorbereidings te tref sodat
- die res van die skool se personeel op 18 Mei 2020 kan terugkeer om voorbereidings te tref sodat
- die graad 12-leerders op 1 Junie 2020 kan terugkeer na skole.

Die versekering is verder gegee dat skole nie sal heropen voordat daar nie aan al die nodige gesondheidsvereistes voldoen is nie. Daar is egter nog nie spesifieke riglyne gegee oor wat hierdie gesondheidsvereistes behels nie. Hou egter in gedagte dat niks van bogenoemde nog geld nie aangesien die Parlement nog nie daarop gereageer het nie. Ons wag dus in spanning op hulle reaksie sodat die onsekerheid uit die weg geruim kan word.

Intussen werk Hoërskool Swartland se personeel kliephard agter die skerms om te verseker dat die leerders nie agter raak by die kurrikulum nie. Ons wil dus ook van die geleentheid gebruik maak om ons waardering uit te spreek teenoor mnr. Schoonraad en sy span.

Die skool het intussen ook 'n Viruskomitee in die lewe geroep wat alreeds sedert die grendeltyd besig is om die nodige veiligheids- en gesondheidsmaatreëls te tref sodat die skool gereed kan wees wanneer die leerders weer terugkeer. Ons kan u belowe dat Hoërskool Swartland alles in sy vermoë sal doen om te verseker dat u kinders na 'n gesonde en veilige omgewing terugkeer wanneer daar weer van u kind verwag word, binne die riglyne van ons landswette en die Wet op Basiese Onderrig, om terug te keer skool toe.



Hoërskool Swartland

(022) 482 1469

admin@swartlandhs.co.za

www.swartlandhs.co.za

Posbus 253, Malmesbury, 7299

Intussen wil ons u versoek om toe te sien dat u kind sy skoolwerk by die onderwysers kry en op datum bly daarmee. Sien ook toe dat hy/sy die opdragte wat hy/sy moet terugstuur skool toe, betyds indien. U kan met 'n geruste hart die skoolbestuurspan en hulle oordeel vertrou. Hulle is baie bekwaam en regtig in beheer van die situasie.

Baie sterkte aan u elkeen.

Trotse Rockie-groete

Die Beheerliggaam
Hoërskool Swartland



FAKS (022) 482 1177



ADRES Dirkie Uysstraat, Malmesbury



HOOF Mnr J Schoonraad